# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

# FEBRUARIE / MAART

# 2007

## STRAFPROSES- EN BEWYSREG

SG

902-2/0 A

STRAFPROSES – EN BEWYSREG SG

902 2 0A SG

X05

13 bladsye

KOPIEREG VOORBEHOU
GOEDGEKEUR DEUR UMALUSI

# STRAFPROSES- EN BEWYSREG
# STANDAARDGRAAD

## SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## MAART 2007

**TYD: 3 UUR** **PUNTE: 300**

## INSTRUKSIES:

1. Beantwoord vrae **1 tot 8**.
2. Beantwoord slegs vraag **9 of 10**.

# VRAAG 1

Kies die korrekte antwoord uit die gegewe moontlike antwoorde en merk slegs die korrekte antwoord in die skutblad van die eksamenskrif (meervoudige keusevrae) teenoor die ooreenstemmende vraagnommer. Merk slegs **een** letter (keuse) per vraag. Indien meer as **een** letter (keuse) per vraag gemerk word **sal** die hele vraag as **verkeerd** gemerk word. **Moenie** die hele antwoord in die eksamenskrif herhaal nie.

**VOORBEELD:**

Die Staatspresident van Suid-Afrika is -

A. George Bush.
B. F W de Klerk.
C. Thabo Mbeki.
D. Jacob Zuma.
E. Geeneen van bogenoemde.

**ANTWOORD:**

| A | B | ~~C~~ | D |
|---|---|---|---|

1.1 By die oorweging van die vraag om aan 'n beskuldigde borg toe te staan, beslis die hof die aangeleentheid deur die belang van geregtigheid op te weeg teen die beskuldigde se reg op persoonlike vryheid en in besonder die nadeel wat hy of sy waarskynlik sal ly indien hy of sy in bewaring gehou word. Die volgende faktore kan deur die hof in aanmerking geneem word:

A. Die tydperk wat die polisie reeds aan die ondersoek van die saak spandeer het.
B. Die gesondheidstoestand van die voorsittende beampte.
C. Die mediadekking wat die saak reeds ontvang het.
D. A en C.
E. Geeneen van bogenoemde.

1.2 'n Polisiebeampte kan sonder 'n visenteringslasbrief 'n persoon visenteer ten einde 'n artikel 20 bedoelde voorwerp in beslag te neem ...

A. indien die betrokke persoon in die soek na en die beslaglegging op die betrokke voorwerp toestem.
B. indien die polisiebeampte op redelike gronde dink dat 'n visenteringslasbrief aan hom uitgereik sal word as hy daarom aansoek doen en dat die vertraging deur so 'n lasbrief te verkry die doel van die deursoeking sal verydel.
C. indien die betrokke persoon op 'n polisieperseel is.
D. A en B.
E. Geeneen van bogenoemde.

1.3 'n Persoon kan 'n bevestiging doen in plaas van 'n eed, indien die persoon ...

A. teen die aflê van die eed beswaar maak.
B. nie die eed in die voorgeskrewe vorm as bindend vir sy gewete beskou nie.
C. geen godsdienstige geloof het nie.
D. Al die bogenoemde.
E. A en C.

1.4 'n Visenteringslasbrief ...

A. het dieselfde uitwerking as 'n lasbrief om inhegtenisneming.
B. word uitgereik deur 'n landdros of vrederegter.
C. word slegs uitgereik ten opsigte van Bylae 1 misdrywe.
D. A en B.
E. A, B en C.

1.5 'n Polisiebeampte kan die vinger-, palm- of voetafdrukke neem of laat neem van 'n persoon ...

A. wat verdink word dat hy 'n Bylae 1 misdryf gepleeg het.
B. aan wie 'n dagvaarding beteken is ten opsigte van 'n misdryf met betrekking waartoe die opskorting, intrekking of endossement van 'n lisensie toelaatbaar of voorgeskryf is.
C. wat gevrywaar is teen vervolging ingevolge artikel 204 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977).
D. A en C.
E. A, B en C.

1.6 'n Visenteringslasbrief ...

A. kan slegs uitgevoer word deur 'n polisiebeampte.
B. kan slegs uitgereik word gedurende Maandae tot Vrydae.
C. kan slegs teruggetrek word deur die persoon wat dit uitgereik het of, indien daardie persoon nie beskikbaar is nie, deur iemand met derglike gesag.
D. A en C.
E. A, B en C.

1.7 'n Beskuldigde wat by strafregtelike verrigtinge getuienis aflê, word nie gevra of aangesê om te antwoord op 'n vraag waarvan die strekking is dat hy 'n misdryf behalwe die ten laste gelegde misdryf, gepleeg het of daaraan skuldig bevind is of daarvan aangekla is, of dat hy van swak karakter is nie, tensy ...

A. sy regsverteenwoordiger 'n vraag aan 'n getuie stel ten einde sy eie goeie karakter te bewys.
B. 'n visenteringslasbrief uitgereik is.
C. die beskuldigde se voorkoms aanduidend is daarvan dat hy van swak karakter is.
D. A en B.
E. A, B en C.

1.8 'n Vredesbeampte kan, van iemand wat hy bevoeg is om te arresteer, die volle naam en adres van sodanige persoon eis:

A. Wat getuienis kan aflê oor pleging of vermeende pleging van 'n misdryf.
B. Wat hy verdink het 'n misdryf gepleeg het of gepoog om te gepleeg het.
C. Enige persoon wat 'n naam en adres verskaf wat die polisiebeampte vermoed vals te wees, kan onverwyld sonder lasbrief in hegtenis geneem word en hoogstens 48 uur aangehou word totdat sodanige naam en adres nagegaan is.
D. A en B.
E. Al die bogenoemde.

1.9 In borgtogverrigtinge kan die hof ...

A. sodanige verrigtinge uitstel.
B. ten opsigte van aangeleenthede wat nie tussen die beskuldigde en die aanklaer in geskil is nie, van die aanklaer of die beskuldigde, na gelang van die geval, vereis dat getuienis aangebied word.
C. ten opsigte van aangeleenthede wat tussen die beskuldigde en die aanklaer in geskil is, die betrokke inligting op informele wyse bekom.
D. Geeneen van bogenoemde.
E. A, B en C.

1.10 Indien geen strafregtelike verrigtinge ingestel word nie met betrekking tot 'n Artikel 20 bedoelde voorwerp waarop beslag gelê is, of waar die voorwerp nie vir strafregtelike verrigtinge nodig is nie, word ...

A. die voorwerp teruggegee aan die persoon van wie dit in beslag geneem is indien hy daardie voorwerp wettiglik mag besit.
B. die voorwerp, indien niemand so 'n voorwerp wettiglik mag besit nie of indien die polisiebeampte belas met die ondersoek redelikerwys nie weet van iemand wat so 'n voorwerp wettiglik mag besit nie, die eiendom van die persoon wat daarop beslag gelê het.
C. die voorwerp vernietig.
D. A en B.
E. B en C.

1.11 'n Polisiebeampte kan ...

A. geweld gebruik by die inhegtenisneming van 'n persoon selfs indien die persoon hom nie daarteen verset nie.
B. 'n persoon in hegtenis neem indien 'n telegrafiese mededeling van 'n landdros meld dat 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van die betrokke persoon uitgereik is.
C. 'n persoon in hegtenis neem en aanhou vir 'n tydperk van 12 uur om so 'n persoon se naam en adres na te gaan.
D. B en C.
E. Geeneen van bogenoemde.

1.12 'n Vredesbeampte kan iemand sonder 'n lasbrief in hegtenis neem indien ...

A. die persoon 'n lid is van die Suid-Afrikaanse Weermag.
B. die persoon in sy teenwoordigheid 'n misdryf pleeg.
C. die persoon redelikerwys verdink word dat hy 'n in Bylae 2 Deel 1 misdryf gepleeg het.
D. A en B.
E. A, B en C.

1.13 Die aanwesigheid van 'n beskuldigde in 'n hof kan verkry word by wyse van ...

A. 'n visenteringslasbrief.
B. 'n permit.
C. 'n akte van beskuldiging.
D. A en C.
E. Geeneen van bogenoemde.

1.14 Iemand wat in hegtenis geneem is ...

A. word so gou moontlik na 'n polisiekantoor geneem.
B. word, in die geval van inhegtenisneming met 'n lasbrief, na enige hof geneem.
C. word vrygelaat indien geen aanklag teen hom ingebring word nie.
D. A en C.
E. Geeneen van bogenoemde.

1.15 Die volgende misdrywe kwalifiseer as Bylae 1 misdrywe:

A. Bedrog, strafbare manslag en sedisie.
B. Bestialiteit, moord en poging tot verkragting.
C. Onsedelike aanranding, roof en uitlokking tot brandstigting.
D. A en C.
E. A, B en C.

1.16 Ingevolge Artikel 25 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), kan 'n landdros of vrederegter 'n lasbrief uitreik wat 'n polisiebeampte magtig om 'n perseel te betree, indien dit uit inligting onder eed blyk dat daar redelike gronde is om te dink dat ...

A. die binnelandse veiligheid van die Republiek waarskynlik in gevaar gestel sal word deur of ten gevolge van 'n vergadering wat gehou word of gehou staan te word in of op 'n perseel binne sy regsgebied.
B. 'n jeugdige persoon in of op 'n perseel binne sy regsgebied is.
C. 'n persoon aan wie borg toegestaan is in of op 'n perseel binne sy regsgebied is.
D. A en C.
E. A, B en C.

1.17 'n Beskuldigde wat ten opsigte van 'n misdryf in bewaring is, kan deur 'n polisiebeampte op waarskuwing in plaas van borgtog vrygelaat word, indien ...

A. die beskuldigde die voorgeskrewe bedrag wat vir vrylating bepaal is, betaal.
B. die misdryf nie 'n Deel II of Deel III van Bylae 2 bedoelde misdryf is nie.
C. die beskuldigde geestesongesteld is.
D. A en B.
E. A en C.

1.18 Die volgende misdrywe kwalifiseer as Deel II Bylae 2 misdrywe:

A. Hoogverraad, sameswering tot roof en misdrywe betreffende die munt van geld.
B. Openbare geweld, moord en poging tot verkragting.
C. Gewone aanranding, inbraak by 'n perseel met die opset om 'n misdaad te pleeg en uitlokking tot brandstigting.
D. A en C.
E. A en B.

1.19 Wanneer 'n beskuldigde op 'n aanklag pleit, kan hy ooreenkomstig die bepalings van Artikel 106 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), pleit ...

A. dat hy geestesongesteld is.
B. dat die aanklaer nie bevoeg is om te vervolg nie.
C. dat hy nie kan onthou wat gebeur het nie.
D. Al die bogenoemde.
E. A en B.

1.20 Iemand wat wettiglik toesig het oor of in besit is van 'n perseel, kan te eniger tyd, indien 'n polisiebeampte nie geredelik beskikbaar is nie, die perseel betree ten einde dit en enige persoon daarop of daarin te deursoek, indien hy redelikerwys vermoed dat ...

A. gesteelde vee of produkte, soos omskryf in 'n wet betreffende die diefstal van vee of produkte, op of in die betrokke perseel is.
B. 'n voorwerp in stryd met 'n wet betreffende sterk drank, daarop of daarin gelaat is.
C. 'n voorwerp in stryd met 'n wet betreffende wapens en ammunisie, daarop of daarin gelaat is.
D. 'n voorwerp in stryd met 'n wet betreffende ontplofbare stowwe, daarop of daarin gelaat is.
E. Al die bogenoemde.

**[40]**

## VRAAG 2

Vul die ontbrekende woorde in. Skryf slegs die nommer en die korrekte woord(e) neer. **Moenie** die hele paragraaf herhaal nie.

**VOORBEELD: 2.1 (a) BLOU**

2.1 Artikel 42 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), bepaal dat 'n private persoon iemand **(a)** .......... in hegtenis kan neem wat 'n **(b)** .......... bedoelde misdryf **(c)** .......... pleeg of poog om te pleeg of wat hy redelikerwys verdink so 'n misdryf gepleeg het, wat hy redelikerwys vermoed 'n misdryf gepleeg het en **(d)** .......... is van en **(e)** .......... word deur iemand wat bedoelde private persoon redelikerwys meen die bevoegdheid besit om daardie persoon weens daardie misdryf in hegtenis te neem, wat hy kragtens **(f)** .......... bevoeg is om ten opsigte van 'n in daardie bepaalde misdryf in hegtenis te neem, wat hy **(g)** .......... 'n Privaat persoon wat iemand kragtens subartikel (1)(a) **(h)** .......... in hegtenis mag neem, kan daardie persoon onverwyld **(i)** .........., en 'n ander private persoon aan wie die doel van die **(j)** .......... bekend gemaak is, kan daarby aansluit en **(k)** .......... Die **(l)** .........., **(m)** .......... of persoon **(n)** .......... waarop of met betrekking waartoe daar gevind word dat iemand 'n misdryf pleeg en iemand deur bedoelde persone daartoe gemagtig, kan so iemand **(o)** .......... in hegtenis neem. (15)

2.2 Artikel 68 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), bepaal dat 'n hof voor wie 'n aanklag hangende is ten opsigte waarvan borgtog toegestaan is, kan, hetsy die beskuldigde **(a)** .......... is al dan nie, op **(b)** .......... dat die beskuldigde op die punt staan om **(c)** .......... of op die punt staan om **(d)** .......... ten einde **(e)** ..........; die beskuldigde **(f)** .......... of **(g)** .......... of **(h)** .......... het om in te meng met **(i)** .........; die beskuldigde die **(j)** ............ het of **(k)** ......... om dit te verydel; die beskuldigde 'n **(l)** ......... inhou vir die **(m)** ......... of van 'n **(n)** .........; die beskuldigde nie al sy of haar vorige veroordelings by die borgtogverrigtinge geopenbaar het nie of nie korrek geopenbaar het nie of waar sy of haar ware lys van vorige veroordelings na sy of haar vrylating op borg aan die lig gekom het; verdere getuienis sedertdien beskikbaar geraak het of dat faktore aan die lig gekom het, met inbegrip van die feit dat die beskuldigde vals inligting verskaf het by die borgtogverrigtinge, wat die beslissing om borgtog toe te staan, sou kon affekteer het; of dit in die **(o)** .......... is om dit te doen, 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van die beskuldigde uitreik en die bevel gee wat hy goedvind, met inbegrip van 'n bevel dat die borgtog **(p)** .......... word en dat die beskuldigde tot die beëindiging van die betrokke strafregtelike verrigtinge **(q)** .......... word. (17)

**[32]**

## VRAAG 3

Skryf slegs die nommer van die stelling of term in **kolom a** neer en direk daarnaas die letter van die toepaslike antwoord in **kolom b**. <u>**Moenie**</u> die hele antwoord herhaal nie. **Voorbeeld: 1.1 b**

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Openhartige en eerlike beantwoording van inkriminerende vrae | a. | Hof kan van die aanklaer of beskuldigde vereis dat getuienis aangebied word |
| 3.2 | Visenteringslasbrief | b. | Ontoelaatbaar |
| 3.3 | Oopbreek van perseel vir doeleindes van arrestasie | c. | Hof kan betrokke inligting op informele wyse bekom |
| 3.4 | Buitegeregtelike erkenning deur beskuldigde onder dwang gemaak | d. | Vrywaring teen vervolging ingevolge Artikel 204 |
| 3.5 | Bekentenis aan landdros gedoen en deur hom op skrif gestel | e. | Toelaatbaar |
| 3.6 | Aangeleenthede in borgtogverrigtinge wat nie tussen die beskuldigde en die aanklaer in geskil is nie | f. | 'n Misdryf behalwe 'n Deel II of Deel III van Bylae 2 bedoelde misdryf |
| 3.7 | Aangeleenthede in borgtogverrigtinge wat tussen die beskuldigde en die aanklaer in geskil is | g. | Tydperk wat aan persoon toegelaat word om eiendom vanaf Staat op te eis nadat persoon skriftelik in kennis gestel is dat besit van voorwerp geneem kan word, voordat eiendom aan Staat verbeurd verklaar word |
| 3.8 | 30 dae | h. | Skriftelike kennisgewing |
| 3.9 | 48 uur | i. | Waarskuwing |
| 3.10 | Borgakte van hoogstens R2 000 | j. | Dagvaarding |
| 3.11 | Gevangenissstraf vir 'n tydperk van hoogstens 2 jaar | k. | 'n Beampte van die Staat wat 'n afskrif van 'n amptelike dokument as juis waarmerk wetende dat so 'n afskrif vals is |
| 3.12 | 12 uur | l. | Onskuldig |
| 3.13 | Uitwerking van arrestasie | m. | Wettige aanhouding |
| 3.14 | Toestaan van borgtog deur polisie-beampte voor eerste verskyning van beskuldigde in laer hof | n. | Tydperk van aanhouding om polisiebeampte in staat te stel om naam en adres na te gaan van persoon wat versoek is om dit te verskaf |
| 3.15 | Pleit | o. | Hoorbaar toegang eis |
| 3.16 | Uitgereik ten aansien van 'n misdryf behalwe 'n Deel II of Deel III van Bylae 2 bedoelde misdryf | p. | Maksimum tydperk van aanhouding vanaf arrestasie tot verskyning voor laer hof |
| 3.17 | Duplikaat-oorspronklike word gestuur aan die klerk van die hof met regsbevoegdheid | q. | Intrekking deur persoon wat uitgereik het of iemand met dergelike gesag |
| 3.18 | Beskuldigde moet in besit daarvan wees 14 dae voor verskyning in hof | r. | Sekerheidstelling dat vrede teenoor klaer bewaar sal word |

**[36]**

**b.o.**

## VRAAG 4

Is die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR**? **MOET NIE** bespreek nie. Skryf slegs neer of die stellings **WAAR** of **ONWAAR** is.

4.1 "Dag" kan ingevolge die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), omskryf word as die tydperk tussen sonsondergang en sonsopkoms.

4.2 Enige onderoffisier van die polisie kan 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van 'n persoon uitreik op die skriftelike aansoek van enige aanklaer.

4.3 'n Polisiebeampte wat 'n perseel wettiglik mag deursoek, kan redelikerwys 'n deur van so 'n perseel oopbreek om enige verset teen so 'n deursoeking te bowe te kom.

4.4 Iemand wat deur die hof gewaarsku is om by strafregtelike verrigtinge aanwesig te bly en wat versuim om by daardie verrigtinge aanwesig te bly, is aan 'n misdryf skuldig.

4.5 'n Beskuldigde wat in hegtenis geneem is, is eers op die bystand van 'n regsadviseur geregtig wanneer hy in die hof verskyn.

4.6 'n Polisiebeampte kan onder alle omstandighede 'n persoon sonder 'n lasbrief in hegtenis neem.

4.7 'n Polisiebeampte wat 'n persoon op enige aanklag in hegtenis neem, kan 'n bloedmonster van die betrokke persoon laat neem.

4.8 Onbeëdigde of onbevestigde getuienis is toelaatbaar indien die betrokke persoon weens onkunde voortspruitend uit jeugdigheid bevind word nie die aard en betekenis van die eed of die bevestiging te begryp nie.

4.9 'n Visenteringslasbrief wat deur 'n regterlike amptenaar uitgereik is, is ook in Lesotho van krag.

4.10 'n Hof moet eiendom wat in beslag geneem is, na afloop van strafregtelike verrigtinge aan die persoon wat daarop beslag gelê het, oorhandig.

4.11 'n Getuiedagvaarding is dwarsdeur die Republiek van krag.

4.12 'n Getuie wat inkriminerende vrae openhartig en eerlik beantwoord, kan gevrywaar word teen vervolging ingevolge Artikel 204 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977).

4.13 'n Persoon mag slegs getuienis aflê indien hy dit onder eed doen.

4.14 'n Polisiebeampte wat in stryd optree met die magtiging van 'n visenteringslasbrief, is skuldig aan 'n misdryf.

4.15 'n Bevestiging wat gemaak is in plaas van 'n eed, het nie dieselfde regskrag en -gevolg as 'n eed nie.

b.o.

4.16 'n Beskuldigde en die eggenote of eggenoot van 'n beskuldigde is in elke stadium van strafregtelike verrigtinge 'n bevoegde getuie vir die verdediging, hetsy die beskuldigde gesamentlik met iemand anders aangekla word of nie.

4.17 As iemand 'n misdryf sou pleeg indien hy 'n handeling verrig sonder om die houer van 'n lisensie, permit, vergunning of ander magtiging of bevoegdheid te wees, word 'n beskuldigde, by strafregtelike verrigtinge op 'n aanklag dat hy so 'n misdryf gepleeg het, geag nie die houer van die nodige magtiging te gewees het nie, tensy die teendeel bewys word.

4.18 'n Private persoon kan enige persoon sonder 'n lasbrief in hegtenis neem wat hy aan die baklei sien.

4.19 'n Pleit dat die aanklaer nie bevoeg is om te vervolg nie, kan saam met 'n pleit van onskuldig gepleit word.

4.20 'n Polisiebeampte wat 'n perseel wettiglik mag deursoek, moet in alle gevalle eers hoorbaar toegang tot die perseel eis en die doel bekend maak waarvoor hy die perseel wil betree.

4.21 'n Balju is bevoeg om 'n getuiedagvaarding te beteken.

4.22 Die Staat kan op enigiets beslag lê wat tot bewys kan strek van die pleging of vermeende pleging van 'n misdryf in Brittanje.

4.23 'n Dagvaarding moet aan 'n beskuldigde beteken word sodat hy in besit daarvan is minstens veertien (14) weke (*met uitsluiting van Sondae en openbare feesdae*) voor die datum wat vir die verhoor bepaal is.

4.24 'n Bekentenis deur iemand gemaak, is as getuienis teen 'n ander persoon toelaatbaar.

4.25 In borgtogverrigtinge is die beskuldigde, of sy of haar regsverteenwoordiger, nie verplig om die hof in te lig of die beskuldigde vantevore aan enige misdryf skuldig bevind is nie.

4.26 Waar 'n misdryf in die teenwoordigheid van die hof gepleeg word, kan die aanklaer die inhegtenisneming van die oortreder gelas.

4.27 Die persoon wat 'n visenteringslasbrief uitgereik het kan die uitvoering daarvan gedurende die nag skriftelik magtig.

4.28 Indien iemand wat die eed opgelê word die eed met opgehefte hand wil aflê, word hy toegelaat om dit te doen.

4.29 Ontsnapping uit wettige bewaring is 'n oortreding soos bedoel in Bylae 1 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), waar die betrokke persoon in bewaring is vir bedrog.

4.30 'n Hof moet altyd aan 'n beskuldigde borg toestaan wanneer die beskuldigde daarom aansoek doen.

**[60]**

## VRAAG 5

5.1 Die hof kan weier om borg toe te staan en die aanhouding van 'n beskuldigde in bewaring gelas, indien die hof van oordeel is dat dit in die belang van geregtigheid is. Noem die gronde waarop die hof sy beslissing kan baseer. (8)

5.2 Noem die misdrywe wat in Deel III van Bylae 2 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), voorkom. (7)

5.3 Ingevolge artikel 217 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), moet 'n bekentenis aan sekere vereistes voldoen alvorens dit as getuienis toelaatbaar is teen die persoon wat dit gemaak het. Noem hierdie vereistes. (8)

5.4 Die eggenote of eggenoot van 'n beskuldigde is bevoeg maar nie verpligbaar nie om getuienis vir die vervolging in strafregtelike verrigtinge af te lê, maar is bevoeg en verpligbaar om getuienis vir die vervolging af te lê waar die beskuldigde van sekere misdrywe aangekla word. Noem hierdie misdrywe. (9)

**[32]**

## VRAAG 6

6.1 Gee 'n uiteensetting van die bepalings rakende die uitreik van 'n visenteringslasbrief. (17)

6.2 Gee 'n uiteensetting van die bepalings betreffende die betaling van borggeld deur 'n derde party. (10)

**[27]**

## VRAAG 7

7.1 Gee 'n uiteensetting van die bepalings met betrekking tot die deursoeking van 'n gearresteerde persoon en die beslaglegging op 'n voorwerp wat aan hom gevind word. (16)

7.2 Beskryf die uitwerking van borgtog. (12)

**[28]**

## VRAAG 8

8.1 Gee 'n uiteensetting van die bepalings van artikel 56 van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), rakende die uitreik van 'n skriftelike kennisgewing as 'n metode waarvolgens die aanwesigheid van 'n beskuldigde in die hof verkry kan word. (12)

8.2 Bespreek die bepaling dat private persone 'n polisiebeampte met inhegtenisneming behulpsaam moet wees wanneer hulle daartoe aangesê word. (9)

8.3 Wanneer sal 'n persoon wat 'n skriftelike verklaring afgelê het, geregtig wees op 'n afskrif daarvan? (4)
**[25]**

**BEANTWOORD SLEGS VRAAG 9 OF 10.**

## VRAAG 9

9.1 Gee 'n uiteensetting van die bepalings rakende die gebruik van geweld by inhegtenisneming. Die bepalings rakende die gebruik van dodelike geweld (*straffelose doodslag*) hoef nie bespreek te word nie. (10)

9.2 Beskryf die bevoegdhede van 'n vredesbeampte om van sekere persone hulle name en adresse te eis. (10)
**[20]**

**OF**

## VRAAG 10

10.1 Die hof kan weier om borg toe te staan waar daar 'n waarskynlikheid is dat die beskuldigde sal poog om sy of haar verhoor te ontduik. Noem die faktore wat die hof in ag kan neem by oorweging of hierdie waarskynlikheid vasgestel is. (10)

10.2 Hoe moet daar oor 'n voorwerp beskik word waar daar geen strafregtelike verrigtinge ingestel word nie of waar die voorwerp nie vir strafregtelike verrigtinge nodig is nie? (10)
**[20]**

**TOTAAL: [300]**

**EINDE**